
LEWENSORIËNTERING

## Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

# Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring




## Senior fase
## Graad 7-9

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING
# GRAAD 7-9

# LEWENSORIËNTERING

**Departement van Basiese Onderwys**
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357 3000
Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465 1701
Faks: +27 21 461 8110
Webtuiste: http://www.education.gov.za

**© 2011 Departement van Basiese Onderwys**

**ISBN: 978-1-4315-0780-1**

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

# VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor ’n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikulum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geïnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en ’n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit;
- Die grondslag te lê vir ’n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- ’n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die samelewing van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het ’n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was ’n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir ’n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002),* gelei.

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot 'n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002*) wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.


Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik diè vir Graad R-9 en Graad 10-12 in ’n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, geamalgameer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op ’n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is ’n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

(a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;

(b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program-en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.



**MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP**
**MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**

# INHOUD

**AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING ..... 3**

**1.1 Agtergrond ..... 3**

**1.2 Oorsig ..... 3**

**1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum ..... 4**

**1.4 Tydstoekenning ..... 6**

1.4.1 Grondslagfase ..... 6

1.4.2 Intermediêre Fase ..... 6

1.4.3 Senior Fase ..... 7

1.4.4 Graad 10-12 ..... 7

**AFDELING 2: INLEIDING TOT LEWENSORIËNTERING. ..... 8**

**2.1 Wat is Lewensoriëntering? ..... 8**

**2.2 Spesifieke doelstellings ..... 9**

**2.3 Tydstoekenning vir Lewensoriëntering in die kurrikulum ..... 9**

**2.4 Gewigswaarde van onderwerpe ..... 9**

**AFDELING 3: ONDERRIGPLAN ..... 10**

**3.1 Oorsig van onderwerpe ..... 10**

**3.2 Jaarlikse onderrigplan ..... 12**

**AFDELING 4: ASSESSERING IN LEWENSORIËNTERING ..... 25**

**4.1 Inleiding ..... 25**

**4.2 Informele of daaglikse assessering ..... 25**

**4.3 Formele assessering ..... 25**

**4.4 Assesseringsprogram ..... 26**

4.4.1 Projek ..... 26

4.4.2 Skriftelike take: ontwerp en skep, gevallestudie, werkstuk en toets ..... 27

4.4.3 Eksamens ..... 28

4.4.4 Liggaamsopvoeding ..... 29

**4.5 Rekordhouding en rapportering ..... 31**

**4.6 Moderering van assessering ..... 32**

**4.7 Algemeen ..... 32**

# AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

## 1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesseringsaangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad *R-12* te vervang.

## 1.2 Oorsig

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:

(i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;

(ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012).*

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:

(i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole),* gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en

(ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 17 Mei 2005.

(c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrawe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012),* gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:

(i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;

(ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124,* in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;

(iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No.27819* van 20 Julie 2005;

(iv) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n*

*Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoeftes*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12;* en

(v) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot* die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing, No. 1267*, in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006.

(d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12.* Die uitkomste en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

### 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:

- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
- om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
- om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
- om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.

(c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:

- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
- *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
- *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;
- *Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse;

- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;

- *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en

- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

(d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;

- werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en samelewing;

- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;

- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;

- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme;

- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en

- begryp die wêreld as 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

(e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolsamelewing, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010).*

## 1.4 Tydstoekenning

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

| VAK | GRAAD<br>(UUR) | GRAAD 1-2<br>(UUR) | GRAAD 3<br>(UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 8/7 | 8/7 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| Lewensvaardighede<br>• Aanvangskennis<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | **6**<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | **6**<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | **7**<br>(2)<br>(2)<br>(2)<br>(1) |
| **TOTAAL** | **23** | **23** | **25** |

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 6 |
| Eerste Addisionele Taal | 5 |
| Wiskunde | 6 |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | 3,5 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Lewensvaardighede<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | **4**<br>(1,5)<br>(1)<br>(1,5) |
| **TOTAAL** | **27,5** |

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Natuurwetenskappe | 3 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Tegnologie | 2 |
| Ekonomiese Bestuurswetenskappe | 2 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Skeppende Kunste | 2 |
| **TOTAAL** | **27,5** |

### 1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

| VAK | TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR) |
|---|---|
| Huistaal | 4,5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4,5 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Enige drie keusevakke uit **Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8)** van die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12,* onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in **paragraaf 28** van die genoemde beleidsdokument. | 12 (3 x 4 uur) |
| **TOTAAL** | **27,5** |

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

# AFDELING 2: INLEIDING TOT LEWENSORIËNTERING

## 2.1 WAT IS LEWENSORIËNTERING?

Lewensoriëntering is sentraal tot die holistiese ontwikkeling van leerders. Dit is gemoeid met leerders se vaardighede, kennis en waardes oor die sosiale, persoonlike, intellektuele, emosionele en liggaamlike groei, asook met die verband tussen hierdie fasette. Lewensoriëntering gee leiding aan leerders en berei hulle voor op die lewe en al sy moontlikhede. Lewensoriëntering rus leerders spesifiek toe vir 'n suksesvolle en sinvolle lewe in 'n snelveranderende samelewing.

Die fokus is die ontwikkeling van die self in die samelewing. Dit bevorder selfmotivering en leerders leer hoe om doelwitte te stel, probleme op te los en om sinvolle besluite te neem. Hierdie persoonlike groei, vorm deel van die poging om 'n demokratiese samelewing, 'n produktiewe ekonomie en 'n verbeterde lewensgehalte te skep. Leerders word gelei om hulle volle potensiaal te ontwikkel en hulle word geleenthede gebied om ingeligte besluite te neem ten opsigte van persoonlike- en omgewingsgesondheid, studiegeleenthede en toekomstige loopbane.

Lewensoriëntering laat leerders toe om nuttige sosiale interaksie te ontwikkel soos om ander se regte en waardes te respekteer. Dit moedig ook lewenslange deelname aan ontspannings- en fisiese aktiwiteite aan.

Die vak bestaan uit die volgende **vyf** onderwerpe in graad 7 tot 9:

1) Selfontwikkeling in die samelewing

2) Gesondheids-, sosiale en omgewingsverantwoordelikheid

3) Grondwetlike regte en verantwoordelikhede

4) Liggaamsopvoeding

5) Wêreld van werk

Die kwessies wat in elke onderwerp aangespreek word, is verwant aan die kwessies wat in die ander vier onderwerpe van die vak aangespreek word. Die vyf onderwerpe in Lewensoriëntering funksioneer onafhanklik en word as ewe belangrik geag as gevolg van die interafhanklike en holistiese aard van die vak. Die tyd wat aan elke onderwerp spandeer word, mag varieer en behoort nie as maatstaf gebruik te word om die belangrikheid van die onderwerp te bepaal nie.

Die onderwerpe in Lewensoriëntering in graad 7, 8 en 9 is verwant aan die onderwerpe wat in die Grondslagfase, Intermediêre Fase en Graad 10, 11 en 12 behandel word. Die Lewensoriënteringkurrikulum vir Graad 7, 8 en 9 fokus op soortgelyke areas van vaardighede, kennis en waardes, en berei leerders voor om met hierdie vak in graad 10, 11 en 12 voort te gaan. Die inhoud wat in die laer grade onderrig word, dien as grondslag vir die inhoud wat in die hoër grade onderrig moet word.

## 2.2 SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Lewensoriëntering het dit ten doel om:

1) leerders te lei om hulle volle fisiese, intellektuele, persoonlike, emosionele en sosiale potensiaal te bereik;

2) leerders se vaardighede te ontwikkel om op uitdagings te reageer en om 'n aktiewe en verantwoordelike rol in die ekonomie en samelewing te speel;

3) leerders te leer om hul grondwetlike regte en verantwoordelikhede uit te leef en om die regte van ander te respekteer;

4) leerders te lei om ingeligte en verantwoordelike besluite te neem aangaande hul gesondheid, omgewing, vakkeuses, verdere studie en loopbane; en

5) geleenthede te skep waar leerders begrip kan toon vir en deelneem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder.

## 2.3 TYDSTOEKENNING VIR LEWENSORIËNTERING IN DIE KURRIKULUM

Die tydstoekenning vir Lewensoriëntering in die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) is twee uur per week. Een uur per week sal aan Liggaamsopvoeding spandeer word en die oorblywende uur sal tussen die vier ander onderwerpe verdeel word. Dit beteken dat daar 70 uur beskikbaar is vir die onderrig van Lewensoriëntering. Dit sluit die interne eksamentyd uit. Die inhoud is in Afdeling 3 van hierdie dokument gegroepeer en dit is oor 40 weke (80 uur) versprei om sodoende seker te maak dat die hele kurrikulum deur die loop van die jaar gedek word. 'n Vaste periode moet elke week aan liggaamsopvoeding gewy word en hierdie periode sal bekendstaan as *Liggaamsopvoeding* op die skoolrooster.

## 2.4 GEWIGSWAARDE VAN ONDERWERPE

| ONDERWERP | GRAAD 7 | GRAAD 8 | GRAAD 9 |
|---|---|---|---|
| | UUR | UUR | UUR |
| Selfontwikkeling in die samelewing | 10 | 09 | 10 |
| Gesondheids-, sosiale en omgewingsverantwoordelikheid | 10 | 08 | 07 |
| Grondwetlike regte en verantwoordelikhede | 07 | 09 | 07 |
| Wêreld van werk | 08 | 09 | 11 |
| Liggaamsopvoeding | 35 | 35 | 35 |
| **Kontaktyd** | **70** | **70** | **70** |
| **Eksamens** | 10 | 10 | 10 |
| **Totale ure** | **80** | **80** | **80** |
| **Totale weke** | **40** | **40** | **40** |

# AFDELING 3: ONDERRIGPLAN

## 3.1 OORSIG VAN ONDERWERPE

| | Onderwerp | Graad 7 | Graad 8 | Graad 9 |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Selfontwikkeling in die samelewing | • Konsep: selfbeeld<br>• Veranderinge by seuns en meisies: puberteit<br>• Groepsdruk<br>• Konsepte: persoonlike dieet en voedingswaarde | • Konsep: selfbeeldvorming en selfmotivering<br>• Konsep: seksualiteit<br>• Verhoudings en vriendskappe | • Vaardighede ten opsigte van doelwitstelling: persoonlike lewenstylkeuses<br>• Seksuele gedrag en -gesondheid<br>• Uitdagende situasies: depressie, hartseer, verlies, trauma en krisis |
| 2 | Gesondheids-, sosiale en omgewings-verantwoordelikheid | • Dwelmmisbruik<br>• Konsep: omgewingsgesondheid<br>• Algemene siektes: tuberkulose (TB), suikersiekte, epilepsie, vetsug, anoreksie, MIV en VIGS | • Sosiale faktore wat bydra tot dwelmmisbruik<br>• Omgewings-gesondheidskwessies<br>• Besluitneming ten opsigte van gesondheid en veiligheid: MIV en VIGS | • Konsep: vrywillige dienslewering<br>• Gesondheids- en veiligheidskwessies wat verwant is aan geweld |
| 3 | Grondwetlike regte en verantwoordelikhede | • Menseregte soos gestipuleer in die Suid-Afrikaanse Grondwet<br>• Regverdige spel in 'n verskeidenheid sportaktiwiteite<br>• Hantering van mishandeling<br>• Rol van mondelinge tradisies en geskrifte in meerderheidsreligieë | • Nasiebou<br>• Konsep: menseregteskendings<br>• Konsep: geslagsgelykheid<br>• Konsep: kulturele diversiteit in Suid-Afrika<br>• Bydraes wat organisasies in verskillende religieë lewer tot sosiale ontwikkeling | • Kwessies verwant aan burgerregte en -verantwoordelikhede<br>• Grondwetlike waardes<br>• Bydraes wat verskeie religieë lewer tot die bevordering van vrede<br>• Sportetiek |
| 4 | Wêreld van werk | • Belangrikheid van lees en studeer<br>• Loopbaanvelde<br>• Simulasie van loopbaangerigte aktiwiteite<br>• Waarde en belangrikheid van werk in die verwesenliking van persoonlike potensiaal | • Verskillende leerstyle<br>• Ses loopbaankategorieë<br>• Verband tussen skoolprestasie in vakke en belangstellings en vermoëns<br>• Besluitnemingsproses | • Vaardighede ten opsigte van tydbestuur<br>• Lees en skryf vir verskillende redes<br>• Beskikbare moontlikhede nadat Graad 9 voltooi is<br>• Kennis van die wêreld van werk<br>• Loopbaan- en vakkeuses<br>• Verskaffers van studie- en loopbaanbefondsing<br>• Plan vir eie lewenslange leer |

| | Onderwerp | Graad 7 | Graad 8 | Graad 9 |
|---|---|---|---|---|
| 5 | Liggaamsopvoeding | • Neem deel aan 'n fiksheidsprogram<br>• Speel samelewing- of inheemse speletjies wat die begrip "inval" insluit<br>• Voer 'n reeks fisiese aktiwiteite uit<br>• Neem deel aan 'n buitelugontspannings-program<br>• Veiligheidskwessies | • Deelname aan fisiese aktiwiteite wat fiksheidskomponente bevorder<br>• Speel teikenspeletjies<br>• Program om bewegingstegnieke te verbeter<br>• Deelname aan 'n buitelugontspannings-aktiwiteit<br>• Veiligheidskwessies | • Verbetering van eie liggaamlike gesondheidsvlak<br>• Uitvoering van 'n spelplan vir individue of 'n spansport<br>• Verfyn eie en klasmaats se uitvoering van bewegingsaktiwiteite<br>• Verfyn eie uitvoer van 'n buitelugontspannings-aktiwiteit<br>• Veiligheidskwessies |

## 3.2 JAARLIKSE ONDERRIGPLAN

<table>
<tr><th>ONDERWERP</th><th>KWARTAAL 1</th><th>GRAAD 7</th></tr>
<tr><th colspan="2">WEEK 1 - 2</th><th>Voorgestelde hulpbronne</th></tr>
<tr><td>Selfontwikkeling in die samelewing</td><td>2 uur</td><td>Handboek, lewensvaardigheidsboeke en plakkate</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Konsep: selfbeeld<br>- Identifiseer en besin oor positiewe persoonlike eienskappe: verhouding met self, familie, vriende<br>- Persoonlike belangstellings, vermoëns en potensiaal<br>- Strategieë om selfbeeld te bevorder deur positiewe optrede: selfrespek<br>- Strategieë om ander se selfbeeld te bevorder deur positiewe optrede: respek vir ander en respek vir diversiteit</td></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>2 uur</td><td>Handboek, hulpbronne oor fiksheid</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Deelname aan 'n fiksheidsprogram<br>• Veiligheidskwessies met betrekking tot fiksheidsaktiwiteite</td></tr>
<tr><th colspan="3">WEEK 3 - 5</th></tr>
<tr><td>Selfontwikkeling in die samelewing</td><td>3 uur</td><td>Handboek, lewensvaardigheidsboeke</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Veranderinge in seuns en meisies: puberteit en geslagsbewustheid (geslagsdenkbeeld)<br>- Fisiese en emosionele veranderinge<br>- Begrip vir die veranderinge en hoe dit verhoudings beïnvloed<br>- Respek vir eie en ander se liggaamsveranderinge en emosies<br>- Waardering en aanvaarding van self en ander</td></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>3 uur</td><td>Handboek, hulpbronne oor fiksheid</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Deelname aan 'n fiksheidsprogram<br>• Deelname en uitvoering van bewegings as deel van 'n fiksheidsprogram</td></tr>
<tr><th colspan="3">WEEK 6 - 8</th></tr>
<tr><td>Selfontwikkeling in die samelewing</td><td>3 uur</td><td>Handboek, lewensvaardigheidsboeke, jeugtydskrifte</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Groepsdruk: invloed van groepsdruk<br>- Hoe groepsdruk 'n individu kan beïnvloed: dwelmgebruik, misdaad, ongesonde seksuele gedrag, afknouery en rebelse gedrag<br>- Gepaste reaksies op druk: selfversekerdheid/selfgelding en vaardighede om probleme te hanteer<br>- Onderhandelingsvaardighede: die vermoë om op 'n opbouende manier te verskil<br>- Waar om hulp te vind</td></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>3 uur</td><td>Handboek, hulpbronne oor fiksheid</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Deelname aan 'n fiksheidsprogram</td></tr>
<tr><th colspan="3">WEEK 9 - 10</th></tr>
<tr><td>Wêreld van werk</td><td>2 uur</td><td>Handboek, hulpbronne oor loopbane en studievaardighede</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Belangrikheid van lees en studeer: lees vir genot en lees met begrip<br>• Vaardighede om geheue te ontwikkel: vermoë om feite te herroep</td></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>2 uur</td><td>Handboek, hulpbronne oor fiksheid</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Deelname aan 'n fiksheidsprogram<br>• Deelname en uitvoering van bewegings as deel van 'n fiksheidsprogram</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Skriftelike Taak<br>2. Liggaamsopvoedingtaak (LOT) | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 2 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 2** | | **Voorgestelde hulpbronne** |
| **Grondwetlike regte en verantwoordelikhede** | 2 uur | Handboek, koerantberigte, Handves van Menseregte, Suid-Afrikaanse Grondwet |
| • Menseregte soos gestipuleer in die Suid-Afrikaanse Grondwet:<br>– Toepassing van menseregte<br>– Toepassing van verantwoordelikhede met betrekking tot menseregte<br>• Regverdige spel in 'n verskeidenheid atletiek- en sportaktiwiteite: rol van waardes, vertroue en respek vir verskil | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 2 uur | Handboek, hulpbronne oor inheemse en invalspeletjies |
| • Speel 'n samelewing- of inheemse speletjie wat die begrip 'inval' insluit<br>• Veiligheidskwessies met betrekking tot deelname aan invalspeletjies | | |
| **WEEK 3 - 5** | | |
| **Grondwetlike regte en verantwoordelikhede** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor kinderveiligheid en beskerming |
| • Hantering van mishandeling in verskillende kontekste: tussen volwassenes en kinders, en tussen maats<br>- Identifiseer bedreigende en gevaarlike situasies<br>- Effek van mishandeling op persoonlike en sosiale gesondheid en verhoudings<br>- Belangrikheid van kommunikasie om gesonde verhoudings sonder geweld te bevorder<br>- Hoe om jouself teen bedreigende en gevaarlike situasies te beskerm<br>- Plekke van beskerming en veiligheid vir slagoffers van mishandeling: waar om hulp te vind | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor inheemse en invalspeletjies |
| • Speel 'n samelewing- of inheemse speletjie wat die begrip 'inval' insluit<br>• Deelname en uitvoering van bewegings wat samelewing- of inheemse invalspeletjies insluit | | |
| **WEEK 6 - 8** | | |
| **Wêreld van werk** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor loopbane en loopbaanleiding en voorligting |
| • Loopbaanvelde:<br>- Kwaliteite wat verband hou met elke veld: belangstellings en vermoëns<br>- Skoolvakke wat verband hou met elke loopbaanveld<br>- Werksomgewing en aktiwiteite in elke loopbaanveld<br>- Geleenthede binne elke loopbaanveld<br>- Uitdagings binne elke loopbaanveld<br>- Vlak van skoolonderrig - vereistes vir elke loopbaanveld<br>- Duur van studie vir elke loopbaanveld<br>- Dienste en bronne vir loopbaanvelde en studie-inligting | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor inheemse en invalspeletjies |
| • Speel 'n samelewing- of inheemse speletjie wat die begrip 'inval' insluit<br>• Deelname en uitvoering van bewegings wat samelewing- of inheemse invalspeletjies insluit | | |
| **WEEK 9 - 10** | | |
| **EKSAMEN** | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Halfjaareksamen<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 3 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 4** | | **Voorgestelde hulpbronne** |
| **Gesondheids-, sosiale en omgewingsverantwoordelikheid** | 4 uur | Handboek, lewensvaardigheidsboeke en gesondheidstydskrifte |
| • Dwelmmisbruik:<br>- Soorte/vorms van dwelmmisbruik<br>- Simptome van dwelmmisbruik<br>- Persoonlike faktore wat bydra tot dwelmmisbruik: interpersoonlik en intrapersoonlik<br>- Beskermende faktore wat die moontlikheid van dwelmmisbruik verminder<br>- Voorkomingsmaatreëls: vroeë bespeuring | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 4 uur | Handboek, hulpbronne oor liggaamlike en bewegingsaktiwiteite |
| • Voer 'n reeks oefeninge uit wat rotasie-, balans-, elevasie- en ritmiese bewegings insluit<br>• Veiligheidskwessies wat verband hou met bewegingsaktiwiteite | | |
| **WEEK 5 - 7** | | |
| **Gesondheids-, sosiale en omgewingsverantwoordelikheid** | 3 uur | Handboek, koerantberigte, omgewingsgesondheidsboeke |
| • Konsep: omgewingsgesondheid<br>- Plaaslike omgewingsgesondheidsprobleme<br>- Gemeenskaps- en individuele projekte en strategieë om omgewingsgesondheidsprobleme te voorkom en te hanteer<br>- Probleemoplossingsvaardighede: 'n aksieplan om omgewingsgesondheidsprobleme aan te spreek en om omgewingsvriendelike keuses en optredes te formuleer | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor liggaamlike en bewegingsaktiwiteite |
| • Voer 'n reeks oefeninge uit wat rotasie, balans-, elevasie- en ritmiese bewegings insluit<br>• Deelname en uitvoering van bewegings van 'n reeks oefeninge wat rotasie-, balans-, elevasie- en ritmiese bewegings insluit | | |
| **WEEK 8 - 10** | | |
| **Wêreld van werk** | 3 uur | Handboek, koerantberigte, hulpbronne oor loopbane |
| • Simulasie van loopbaanverwante aktiwiteite: loopbaan en werkgewer<br>- Kleredrag van toepassing op die loopbaan<br>- Gereedskap of werktoerusting van toepassing op die loopbaan<br>- Aktiwiteite wat verband hou met die werkomgewing<br>- Plek of instelling waar gewerk word<br>- Persoonlikheidseienskappe<br>- Skoolvakke en die vlak van skoolonderrig: vereistes vir die bepaalde loopbaan<br>- Waar om te studeer en die duur van die studie<br>- Verwante loopbane<br>• Waarde en belangrikheid van werk in die verwesenliking van persoonlike behoeftes en potensiaal | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor liggaamlike en bewegingsaktiwiteite |
| • Voer 'n reeks fisiese aktiwiteite uit wat rotasie, balans-, elevasie- en ritmiese bewegings insluit<br>• Deelname en uitvoering van bewegings van 'n reeks oefeninge wat rotasie-, balans-, elevasie- en ritmiese bewegings insluit | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Projek<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 4 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 2** | | **Voorgestelde hulpbronne** |
| **Selfontwikkeling in die samelewing** | 2 uur | Handboek, voeding- en gesondheidstydskrifte en brosjures |
| • Konsepte: persoonlike dieet en voeding<br>- Faktore wat die keuse van 'n persoonlike dieet beïnvloed: ekologiese, sosiale, ekonomiese, kulturele en politiese faktore<br>- Maniere om die voedingswaarde van eie persoonlike dieet te verbeter: 'n plan vir gesonde eetgewoontes | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 2 uur | Handboek, hulpbronne oor ontspanningsaktiwiteite |
| • Deelname aan 'n buitelugontspanningsprogram<br>• Veiligheidskwessies wat verwant is aan buitelugontspanningsaktiwiteite | | |
| **WEEK 3 - 5** | | |
| **Gesondheids-, sosiale en omgewingsverantwoordelikheid** | 3 uur | Handboek, gesondheidsboeke, tydskrifte en brosjures |
| • Algemene siektes: tuberkulose, suikersiekte, epilepsie, vetsug, anoreksie, MIV en VIGS<br>- Oorsake van siektes: sosiale, ekonomiese en omgewingsfaktore insluitend die gebruik van alkohol en tabak, slegte eetgewoontes en tekort aan oefening<br>- Keuses ten opsigte van behandeling, versorging en ondersteuning<br>- Beskikbare hulpbronne vir gesondheidsinligting en -dienste<br>- Strategieë om met tuberkulose, suikersiekte, epilepsie, MIV en VIGS saam te leef | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor ontspanningsaktiwiteite |
| • Deelname aan 'n buitelugontspanningsprogram<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings tydens 'n buitelugontspanningsprogram | | |
| **WEEK 6 - 7** | | |
| **Grondwetlike regte en verantwoordelikhede** | 2 uur | Handboek, hulpbronne oor religieë |
| • Rol van die mondelinge tradisies en geskrifte in 'n meerderheidsreligieë in Suid-Afrika: Judaïsme, Christendom, Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme, Baha'i-religie en Afrika-religie | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 2 uur | Handboek, hulpbronne oor ontspanningsaktiwiteite |
| • Deelname aan 'n buitelugontspanningsprogram<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings tydens 'n buitelugontspanningsprogram | | |
| **WEEK 8 - 10** | | |
| **EKSAMEN** | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Jaareindeksamen<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 1 | GRAAD 8 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 3** | | **Voorgestelde hulpbronne** |
| **Selfontwikkeling in die samelewing** | 3 uur | Handboek, lewensvaardigheidsboeke |
| • Konsepte: selfbeeldvorming en selfmotivering<br>- Faktore wat selfbeeldvorming en selfmotivering beïnvloed: media, omgewing, vriende en portuurgroep, familie, kultuur, religie en samelewing<br>- Praat positief oor self: individualiteit en unieke eienskappe, asook persoonlike prestasies<br>- Strategieë en vaardighede om persoonlike potensiaal te ontgin en te bevorder | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor fiksheid |
| • Deelname aan fisiese aktiwiteite wat die komponente van fiksheid bevorder<br>• Veiligheidskwessies wat verband hou met fiksheidsaktiwiteite | | |
| **WEEK 4 - 6** | | |
| **Selfontwikkeling in die samelewing** | 3 uur | Handboek, lewensvaardigheidsboeke |
| • Konsep: seksualiteit.<br>- Begrip vir eie seksualiteit: persoonlike gevoelens wat seksualiteit beïnvloed<br>- Vriende en portuurgroep se invloed op eie seksualiteit<br>- Invloed wat familie/gesin en samelewing se norme ten opsigte van seksualiteit het<br>- Kulturele waardes wat 'n invloed op seksualiteit het<br>- Sosiale druk, insluitend die media, wat 'n invloed op seksualiteit het<br>- Probleemoplossingsvaardighede: vorming van eie identiteit en ontwikkeling | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor fiksheid |
| • Deelname aan fisiese aktiwiteite wat die komponente van fiksheid bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in fisiese aktiwiteite wat die komponente van fiksheid bevorder | | |
| **WEEK 7 - 9** | | |
| **Selfontwikkeling in die samelewing** | 3 uur | Handboek, lewensvaardigheidsboeke |
| • Verhoudings en vriendskappe: verhoudings by die huis, skool en in die samelewing<br>- Gepaste maniere om 'n verhouding te begin<br>- Gepaste maniere om 'n verhouding te behou<br>- Probleemoplossingsvaardighede: gepaste gedrag tydens 'n verhouding<br>- Kommunikasievaardighede: vermoë om op opbouende maniere te verskil en gepaste maniere om 'n verhouding te beëindig | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor fiksheid |
| • Deelname aan fisiese aktiwiteite wat die komponente van fiksheid bevorder | | |
| **WEEK 10** | | |
| **Wêreld van werk** | 1 uur | Handboek, hulpbronne oor loopbane en studievaardighede |
| • Verskillende leerstyle: visueel, ouditief, kinesteties, lees en skryf | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 1 uur | Handboek, hulpbronne oor fiksheid |
| • Deelname aan fisiese aktiwiteite wat die komponente van fiksheid bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in fisiese aktiwiteite wat die komponente van fiksheid bevorder | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Skriftelike Taak<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 2 | GRAAD 8 |
|---|---|---|
| **WEEK 1** | | **Voorgestelde hulpbronne** |
| **Wêreld van werk** | 1 uur | Handboek, hulpbronne oor loopbane en studievaardighede |
| • Identifiseer en pas eie leerstyl toe | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 1 uur | Handboek, hulpbronne oor teikenspeletjies |
| • Deelname aan teikenspeletjies<br>• Veiligheidskwessies ten opsigte van teikenspeletjies | | |
| **WEEK 2 - 5** | | |
| **Wêreld van werk** | 4 uur | Handboek, hulpbronne oor loopbane, loopbaanvoorligting en -advies |
| • Ses loopbaankategorieë: ondersoekend, ondernemend, realisties, kunstig, konvensioneel en sosiaal<br>- Belangstellings en vermoëns wat aan elke loopbaankategorie verwant is<br>- Denk- en leervaardighede wat deur elke loopbaankategorie vereis word<br>- Skoolvakke wat verband hou met elke loopbaankategorie<br>• Die rol van werk in verhouding tot Suid-Afrika se sosiale en ekonomiese behoeftes<br>- Identifiseer die behoeftes in die samelewing en in die land<br>- Hoe werk Suid-Afrika se sosiale en ekonomiese behoeftes kan aanspreek | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 4 uur | Handboek, hulpbronne oor teikenspeletjies |
| • Deelname aan teikenspeletjies<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings as deel van teikenspeletjies | | |
| **WEEK 6 - 8** | | |
| **Gesondheids-, sosiale en omgewingsverantwoordelikheid** | 3 uur | Handboek, koerantberigte, gesondheidstydskrifte |
| • Sosiale faktore wat bydra tot dwelmmisbruik, insluitend die samelewing en die media<br>- Gepaste gedrag om dwelmmisbruik te voorkom en stop te sit: weiering en besluitnemingsvaardighede<br>- Lang- en korttermyngevolge van dwelmmisbruik: verbintenis met misdaad, geweld en opvoedkundige uitkomste<br>- Moontlikhede vir rehabilitasie: waar om hulp te vind, versorging en ondersteuning | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor teikenspeletjies |
| • Deelname aan teikenspeletjies<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings as deel van teikenspeletjies | | |
| **WEEK 9 - 10** | | |
| **EKSAMEN** | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Halfjaareksamen<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 3 | GRAAD 8 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 3** | | **Voorgestelde hulpbronne** |
| **Wêreld van werk** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor loopbane, loopbaanvoorligting en -advies |
| • Verband tussen prestasie in skoolvakke, belangstellings en vermoëns<br>- Soorte leeraktiwiteite wat verwant is aan die verskillende vakke: praktiese, teoretiese, individuele of groepaktiwiteite<br>- Vereistes vir elke vak: denk- en leervaardighede wat benodig word<br>• Besluitnemingsproses:<br>- Stappe wat geneem word om die loopbaankategorie te kies volgens individuele sterk punte, vermoëns, belangstellings en passie | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor bewegingstegnieke |
| • Deelname aan 'n program wat bewegingstegnieke bevorder<br>• Veiligheidskwessies wat verband hou met bewegingsaktiwiteite | | |
| **WEEK 4 - 6** | | |
| **Gesondheids-, sosiale en omgewingsverantwoordelikheid** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor omgewingsgesondheid |
| • Omgewingsgesondheidskwessies:<br>- Toepassing van wette en beleide om die omgewingsgesondheid te beskerm: aanspreek van 'n omgewingskwessie<br>- Wêrelddag: bewaring van die omgewing<br>- Eerbiedig Wêrelddag: maniere waarop ons die aarde kan bewaar en beskerm<br>- Ontwikkel en implementeer 'n omgewingsgesondheidsprogram | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor bewegingstegnieke |
| • Deelname aan 'n program wat bewegingstegnieke bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in 'n program wat bewegingstegnieke bevorder | | |
| **WEEK 7 - 8** | | |
| **Gesondheids-, sosiale en omgewingsverantwoordelikheid** | 2 uur | Handboek, hulpbronne oor gesondheid en veiligheid |
| • Ingeligte, verantwoordelike besluitneming oor gesondheid en veiligheid: MIV en VIGS<br>- Bestuur van medikasie, dieet, gesonde lewenstyl en positiewe houdings<br>- Voorkoming en veiligheidsmaatreëls ten opsigte van MIV en VIGS<br>- Versorging van persone wat met MIV en VIGS saamleef | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 2 uur | Handboek, hulpbronne oor bewegingstegnieke |
| • Deelname aan 'n program wat bewegingstegnieke bevorder | | |
| **WEEK 9 - 10** | | |
| **Grondwetlike regte en verantwoordelikhede** | 2 uur | Handboek, koerantberigte |
| • Nasiebou: definisie<br>- Verskillende maniere waarop nasiebou bevorder kan word in verskillende kontekste: samelewing, skool en huis<br>- Bydraes van vrouens en mans wat nasiebou bevorder: individue en groepe | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 2 uur | Handboek, hulpbronne oor bewegingstegnieke |
| • Deelname aan 'n program wat bewegingstegnieke bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in 'n program wat bewegingstegnieke bevorder | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Projek<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 4 | GRAAD 8 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 4** | | **Voorgestelde hulpbronne** |
| **Grondwetlike regte en verantwoordelikhede** | 4 uur | Handboek, koerantberigte, Handves van Menseregte, Suid-Afrikaanse Grondwet |
| • Konsep: menseregteskendings<br>- Soorte skendings<br>- Strategieë teen menseregteskendings<br>• Konsep: geslagsgelykheid<br>- Geslagsgelykheidskwessies in 'n verskeidenheid atletiek- en sportaktiwiteite<br>- Definieer geslagsgeweld<br>- Emosionele, gesondheid en sosiale invloed van verkragting en geslagsgeweld<br>- Voorkoming van geweld teen vroue: wet in verband met seksuele oortredings<br>- Bronne van hulp vir slagoffers: veiligheid van meisies en vrouens | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 4 uur | Handboek, hulpbronne oor ontspanningsaktiwiteite |
| • Deelname aan 'n buitelugontspanningsprogram<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings tydens 'n buitelugontspanningsprogram<br>• Veiligheidskwessies wat verband hou met ontspanningsaktiwiteite | | |
| **WEEK 5 - 7** | | |
| **Grondwetlike regte en verantwoordelikhede** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor verskillende kulture, koerantberigte |
| • Konsep: kulturele diversiteit in Suid-Afrika<br>- Verskillende kulturele normes en waardes in verhouding tot persoonlike en samelewingskwessies<br>- Invloed van kulturele normes en waardes op individuele gedrag, houding en keuses: kulturele verwagtings, gebruike en tradisies<br>- Begrip vir diverse kulture: herkenning van diverse kulture om die Suid-Afrikaanse samelewing te verryk<br>- Respekteer verskille: kultuur, religie en geslag<br>- Viering van eenheid in diversiteit: respekteer verskille en vier ooreenkomste<br>• Bydraes tot sosiale ontwikkeling deur organisasies van verskillende religieë | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor ontspanningsaktiwiteite |
| • Deelname aan 'n buitelugontspanningsprogram<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings tydens 'n buitelugontspanningsprogram | | |
| **WEEK 8 - 10** | | |
| **EKSAMEN** | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Jaareindeksamen<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 1 | GRAAD 9 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 3** | | **Voorgestelde hulpbronne** |
| **Selfontwikkeling in die samelewing** | 3 uur | Handboek, lewensvaardigheidsboeke |
| • Doelwitstelling: persoonlike lewenstylkeuses<br>- Invloed van die media, omgewing, vriende en portuurgroep, familie/gesin, kultuur, religie en samelewing op persoonlike lewenstylkeuses<br>- Gepaste reaksies op invloede op persoonlike lewenstylkeuses:<br>o Ingeligte besluitnemingsvaardighede: positiewe en negatiewe invloede<br>o Selfversekerdheid/selfgelding: met vertroue en doelgerigte besluitneming | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor liggaamlike fiksheidsaktiwiteite |
| • Deelname aan aktiwiteite wat die liggaamlike gesondheidsvlak verbeter<br>• Veiligheidskwessies wat verband hou met fiksheidsaktiwiteite | | |
| **WEEK 4 - 7** | | |
| **Selfontwikkeling in die samelewing** | 4 uur | Handboek, lewensvaardigheidsboeke |
| • Seksuele gedrag en seksuele gesondheid:<br>- Risikofaktore wat tot ongesonde seksuele gedrag lei<br>- Ongewenste resultate van ongesonde seksuele gedrag: tienerswangerskappe, seksueel oordraagbare infeksies, MIV en VIGS, lae selfbeeld en emosionele skade<br>- Faktore wat persoonlike gedrag beïnvloed, insluitend familie/gesin, vriende, portuurgroep en norme wat die samelewing stel<br>- Strategieë om ongesonde seksuele gedrag te hanteer: weerhouding en gedragsverandering<br>- Beskermende faktore, waar om hulp en ondersteuning te vind: samelewingtrukture wat beskerming of weerstand teen hoë risiko gedrag bied<br>- Nadelige gevolge en implikasies van tienerswangerskap vir tienerouer(s) en die kinders van tienerouers | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 4 uur | Handboek, hulpbronne oor liggaamlike fiksheidsaktiwiteite |
| • Deelname aan aktiwiteite wat die liggaamlike gesondheidsvlak verbeter<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in aktiwiteite wat liggaamlike gesondheidsvlak verbeter | | |
| **WEEK 8 - 10** | | |
| **Wêreld van werk** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor studievaardighede |
| • Tydsbestuurvaardighede: verantwoordbaarheid in die uitvoering van verantwoordelikhede<br>- Hoe om jou werk te organiseer<br>- Hoe om tyd doeltreffend te benut<br>• Lees en skryf vir verskillende redes:<br>- Hou 'n joernaal; maak opsommings en verbeter lees- en skryfvaardighede | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor liggaamlike fiksheidsaktiwiteite |
| • Deelname aan aktiwiteite wat liggaamlike gesondheidsvlak verbeter<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in aktiwiteite wat liggaamlike gesondheidsvlak verbeter | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Skriftelike Taak<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 2 | GRAAD 9 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 2** | | **Voorgestelde hulpbronne** |
| **Grondwetlike regte en verantwoordelikhede** | 2 uur | Handboeke, koerantberigte, Handves van Menseregte, Suid-Afrikaanse Grondwet |
| • Kwessies wat verband hou met burgerregte en -verantwoordelikhede:<br>- Respekteer ander se regte: mense wat met verskillende gestremdhede, MIV en VIGS (aangetas en beïnvloed) leef<br>- Viering van nasionale en internasionale dae: Menseregtedag, Vryheidsdag, Erfenisdag, Versoeningsdag, Jeugdag, Werkersdag, Vrouedag, Afrikadag, Nelson Mandeladag, Wêreldvlugtelingdag en nasionale gesondheidsdae<br>- Beplan en neem deel aan 'n plaaslike viering van 'n nasionale dag | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 2 uur | Handboek, hulpbronne oor sport |
| • Deelname aan en uitvoering van 'n spelplan vir individue of 'n spansport<br>• Veiligheidskwessies wat verband hou met sportdeelname | | |
| **WEEK 3 - 5** | | |
| **Grondwetlike regte en verantwoordelikhede** | 3 uur | Handboek, koerantberigte, Suid-Afrikaanse Grondwet |
| • Grondwetlike waardes soos vervat in die Suid-Afrikaanse Grondwet<br>- Positiewe en negatiewe rolmodelle<br>- Rolmodelle vir die handhawing van die grondwetlike waardes: ouers en leiers in die samelewing/samelewing<br>- Toepassing van hierdie waardes in alledaagse lewe | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor sport |
| • Deelname aan en uitvoering van 'n spelplan vir individue of 'n spansport<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in 'n spelplan vir individue of 'n spansport | | |
| **WEEK 6 - 8** | | |
| **Wêreld van werk** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor loopbane |
| • Beskikbare opsies nadat Graad 9 voltooi is: Nasionale Senior Sertifikaat (NSS - Graad 10 - 12) en Nasionale Vaardigheidsertifikaat (National Certificate Vocational qualifications [NCV - VOO kolleges])<br>- Implikasies van keuses: keuse tussen NSS en Nasionale Vaardigheidsertifikaat<br>• Kennis van die wêreld van werk: verantwoordelikhede en geleenthede in die werkplek | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor sport |
| • Deelname aan en uitvoering van 'n spelplan vir individue of 'n spansport<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in 'n spelplan vir individue of 'n spansport | | |
| **WEEK 9 - 10** | | |
| **EKSAMEN** | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering**:<br>1. Halfjaareksamen<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 3 | GRAAD 9 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 3** | | **Voorgestelde hulpbronne** |
| **Wêreld van werk** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor loopbane, loopbaanvoorligting en -advies |
| • Loopbane en vakkeuses:<br>- Vakke in graad 10, 11 en 12<br>- Loopbane wat verband hou met verskillende vakke<br>- Kwaliteite wat verband hou met verskillende loopbane en vakke: sterk- en swak punte, belangstellings en vermoëns<br>o Besluitnemingsvaardighede: stappe in die keuse van vakke wat verband hou met belangstellings, vermoëns en loopbane van belangstelling | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor bewegingsaktiwiteite |
| • Deelname en afronding van eie en portuurgroep se uitvoering van bewegingsaktiwiteite<br>• Veiligheidskwessies wat verband hou met bewegingsaktiwiteite | | |
| **WEEK 4 - 6** | | |
| **Gesondheids-, sosiale en omgewingsverantwoordelikheid** | 3 uur | Handboek, koerantberigte, hulpbronne oor vrywillige diens |
| • Konsep: vrywillige diens:<br>- Individuele en samelewingverantwoordelikheid<br>- Verskeie soorte vrywillige organisasies: bydraes wat samelewinggebaseerde en niewinsgewende organisasies maak ten opsigte van sosiale en omgewingsgesondheid asook volhoubare ontwikkeling<br>- Verskeie soorte vrywillige aktiwiteite: hulp aan minder bevoorregtes; ondersteuning van persone wat deur MIV en VIGS en ander terminale siektes aangetas of beïnvloed is | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor bewegingsaktiwiteite |
| • Deelname en afronding van eie en portuurgroep se uitvoering van bewegingsaktiwiteite<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegingsaktiwiteite | | |
| **WEEK 7 - 10** | | |
| **Gesondheids-, sosiale en omgewingsverantwoordelikheid** | 4 uur | Handboek, koerantberigte, gesondheids- en veiligheidsboeke |
| • Gesondheids- en veiligheidskwessies wat verwant is aan geweld:<br>- Algemene dade van geweld by die huis, skool en in die samelewing<br>- Redes vir geweld wat in families/gesinne en samelewings, asook tussen vriende en portuurgroep voorkom<br>- Impak van geweld op individuele en samelewingsgesondheid en veiligheid<br>- Alternatiewe oplossings vir geweld: Probleemoplossingsvaardighede en konflikbestuur<br>- Beskerming van jouself en ander teen gewelddadige optredes: waar om hulp te vind, Nasionale gesondheid en/of programme wat veiligheid bevorder | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 4 uur | Handboek, hulpbronne oor bewegingsaktiwiteite |
| • Deelname en afronding van eie en portuurgroep se uitvoering van bewegingsaktiwiteite<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegingsaktiwiteite | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Projek<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 4 | GRAAD 9 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 2** | | **Voorgestelde hulpbronne** |
| **Wêreld van werk** | 2 uur | Handboek, hulpbronne oor loopbane |
| • Verskaffers van studie- en loopbaanbefondsing<br>• Plan vir eie lewenslange leer: doelwitstelling vir lewenslange leer | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 2 uur | Handboek, hulpbronne oor ontspanningsaktiwiteite |
| • Deelname en afronding van eie uitvoering van 'n buitelugontspanningsaktiwiteit<br>• Veiligheidskwessies wat verband hou met ontspanningsaktiwiteite | | |
| **WEEK 3** | | |
| **Grondwetlike regte en verantwoordelikhede** | 1 uur | Handboek, koerantberigte en hulpbronne oor religieë |
| • Bydraes van verskillende religieë tot die bevordering van vrede | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 1 uur | Handboek, hulpbronne oor ontspanningsaktiwiteite |
| • Deelname en afronding van eie uitvoering tydens 'n buitelugontspanningsaktiwiteit | | |
| **WEEK 4** | | |
| **Grondwetlike regte en verantwoordelikhede** | 1 uur | Handboek, koerantberigte en hulpbronne oor sport |
| • Sportetiek in alle fisiese aktiwiteite | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 1 uur | Handboek, hulpbronne oor ontspanningsaktiwiteite |
| • Deelname en uitvoering van beweging tydens 'n buitelugontspanningsaktiwiteit | | |
| **WEEK 5 - 7** | | |
| **Selfontwikkeling in die samelewing** | 3 uur | Handboek, koerantberigte |
| • Uitdagende situasies: depressie, hartseer, verlies, trauma en krisis<br>- Redes vir depressie, hartseer, verlies, trauma en krisis<br>- Teenproduktiewe tegnieke om uitdagende situasies te hanteer: gebruik van alkohol en dwelms<br>- Probleemoplossing en besluitnemingsvaardighede: strategieë om op emosies in uitdagende situasies te reageer | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne oor ontspanningsaktiwiteite |
| • Deelname en afronding van eie uitvoering van 'n buitelugontspanningsaktiwiteit<br>• Deelname en uitvoering van bewegings tydens 'n buitelugontspanningsaktiwiteit | | |
| **WEEK 8 - 10** | | |
| **EKSAMEN** | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Jaareindeksamen<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

Die volgende tabel bevat voorbeelde van moontlike liggaamsopvoedingaktiwiteite wat aangebied kan word per bewegingsafdeling vir Graad 7 - 9:

| **Fiksheid** | **Speletjies en Sport** | **Rekreasie** |
|---|---|---|
| • Aërobies: aqua (water) aërobies, dans aërobies, trappies klim (stepping)<br>• Apparaat roetine (Circuit training)<br>• Hindernisbane<br>• Stap/hardloopprogramme<br>• Opstote | • Atletiek<br>• Kolf- en veldwerkspeletjies en sport: krieket, bofbal<br>• Teikenspeletjies: gholf, hokkie<br>• Invalspeletjies: netbal, rugby, ringbal, sokker<br>• Swemspeletjies en watersport | • Dans: sosiaal (baldans, volksdanse), tradisionele, kreatiewe, ritmiese beweging met apparate<br>• Gimnastiek: individueel en groepsaktiwiteite<br>• Voetslaan<br>• Oriëntering<br>• Selfverdediging |

| **Veiligheidskwessies** | |
|---|---|
| • Kleredrag en skoene<br>• Oppervlak van die speelarea<br>• Gebruik en toestand van die apparaat<br>• Opwarming en afkoeling | • Basiese eerstehulp<br>• Waterveiligheid<br>• Spasiëring van leerders tydens aktiwiteite<br>• Volg van instruksies |

# AFDELING 4: ASSESSERING IN LEWENSORIËNTERING

## 4.1 INLEIDING

Assessering is 'n deurlopende, beplande proses om inligting oor leerderprestasie te identifiseer, te versamel en te vertolk. Verskeie vorme van assessering word in hierdie proses gebruik. Dit bestaan uit vier stappe: die ontwikkeling en versameling van bewyse van prestasie; die evaluering van die bewyse; rekordhouding van die bevindinge en die gebruik van hierdie inligting om die leerder se ontwikkeling te verstaan en te ondersteun. Sodoende word die onderrig en leerproses bevorder.

Elkeen van die onderwerpe in Lewensoriëntering vereis dat sekere **vaardighede, kennis** en **waardes** aangespreek en geassesseer word. Vaardighede soos besluitneming, kommunikasie, selfgelding, onderhandeling, doelwitstelling, vermoë om inligting te bekom, probleemoplossing en kreatiewe denke word oor al vyf die onderwerpe aangespreek en deur middel van formele of informele assessering geassesseer. Net so, word houdings soos selfrespek, respek vir en aanvaarding van ander, aanvaarding van verantwoordelikheid, uithouvermoë, volharding, anti-diskriminasie en gelykheid oor al vyf onderwerpe aangespreek en geassesseer.

Die vordering van leerders in Lewensoriëntering word regdeur die skooljaar gemonitor en behels die volgende twee verskillende, maar verwante, aktiwiteite:

1) Informele of daaglikse assesseringstake.

2) Formele assesseringstake.

## 4.2 INFORMELE OF DAAGLIKSE ASSESSERING

Informele of daaglikse assessering behels die daaglikse monitering van die leerders se vordering. Dit voorsien aan leerders 'n verskeidenheid geleenthede om die kennis, vaardighede en waardes met betrekking tot die vak te bemeester. Informele assessering behoort gebruik te word om terugvoering aan die leerders te bied en om die beplanning toe te lig. Dit behoort nie afsonderlik van die leeraktiwiteite tydens 'n les gesien te word nie. Informele assessering vind gedurende en na die onderrig- en leerproses plaas. Die onderwyser kan enige van die volgende as 'n daaglikse assesseringstaak kies: 'n kort klastoets, bespreking, praktiese demonstrasie, kopkaart, debat, rolspel, 'n onderhoud, ontwerp en skepping, kort huiswerktake, werkkaarte, groepwerk, individuele rekordhouding, mondelinge en skriftelike aanbieding.

Die onderwyser hoef nie elkeen van hierdie take na te sien nie, maar leerders kan gelei word om hul eie of hul maats se werk te assesseer deur die toepaslike assesseringsinstrumente soos 'n memorandum vir 'n toets of 'n kontrolelys vir 'n waarnemingsoefening te gebruik. Die gebruik van 'n waarnemingskontrolelys in daaglikse assesseringstake help die leerders om hul vordering ten opsigte van die kennis, vaardighede en waardes wat gedurende die formele assesseringstake geassesseer gaan word, te bepaal. Die resultate van die informele daaglikse assessering word nie formeel opgeteken nie, tensy die onderwyser dit wil doen. Die uitslae van die informele assessering word nie in ag geneem vir bevorderings- en sertifseringsdoeleindes nie.

## 4.3 FORMELE ASSESSERING

Alle assesseringstake wat deel vorm van die formele assesseringsprogram vir die jaar, word beskou as formele assessering. Formele assesseringstake word nagesien en formeel deur die onderwyser vir progressie en sertifisering

opgeteken. Alle formele assesseringstake word gemodereer ter wille van gehalteversekering en om te verseker dat gepaste standaarde gehandhaaf word. Formele assessering voorsien aan onderwysers 'n sistematiese manier om te evalueer hoe goed leerders in 'n graad en 'n betrokke vak vorder. In Lewensoriëntering se formele assesseringsprogram, word daar van leerders verwag om **vier** take per graad te voltooi. Elke formele assesseringstaak moet 100 punte per kwartaal tel, waarvan 70 punte aan skriftelike werk toegeken word en 30 punte aan Liggaamsopvoeding. Die vorme van assessering behoort geskik te wees vir leerders se ouderdom en ontwikkelingsvlak.

Formele assessering in Lewensoriëntering moet soos volg vir 'n reeks kognitiewe vlakke en vermoëns van die leerders voorsiening maak:

| Gewig | Kognitiewe vlak | Bloom se taksonomie | Voorbeelde |
|---|---|---|---|
| 40% | Laer orde | Vlakke 1 & 2 | Wat? Hoekom? Wie? Wanneer? Waar? Maak 'n lys ... |
| 40% | Middel orde | Vlakke 3 & 4 | Bespreek, verduidelik, beskryf |
| 20% | Hoër orde | Vlakke 5 & 6 | Evalueer, sintetiseer, evalueer krities, stel ondersoek in |

## 4.4 ASSESSERINGSPROGRAM

Die assesseringsprogram is ontwikkel om formele assesseringstake in 'n vak in 'n skool oor 'n skooljaar te versprei.

Die gewig van die punte vir die **vier** interne formele assesseringstake vir Lewensoriëntering, Graad 7 tot 9, is soos volg:

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 |
|---|---|---|---|
| Taak 1<br>Skriftelike taak: 70 punte<br>LOT: 30 punte | Taak 2<br>Halfjaareksamen: 70 punte<br>LOT: 30 punte | Taak 3<br>Projek: 70 punte<br>LOT: 30 punte | Taak 4<br>Jaareindeksamen: 70 punte<br>LOT: 30 punte |

**Aard van die formele take**

### 4.4.1 Projek

Die **projek** sal 'n werkstuk wees waarin kennis, vaardighede en waardes gedemonstreer word, wat sal lei tot bevoegdheid in die spesifieke of geïntegreerde inhoud. Die taak behels die versameling, ontleding en/of evaluering van data en inligting wat sal lei tot die sintetisering van die bevindinge in 'n skriftelike produk waaroor verslag gedoen, gemodelleer of deur die leerders uitgevoer kan word. Leerders sal ook data/hulpbronne/inligting versamel buite die kontaktyd om die taak uit te voer. Die voltooiing van die projek word deur die onderwyser gedurende klastyd gefasiliteer om die geldigheid van die produk te verseker.

Die onderwerp en aard van die projek sal bepaal word deur die inhoud wat in die jaarlikse onderrigplan gedek moet word. Leerders moet genoeg tyd gegun word om die projek te voltooi. Leerders behoort vanaf die aanvang voldoende leiding gegee te word en vordering behoort deurgaans gemonitor te word. Alle toepaslike assesseringskriteria moet met die leerders bespreek word voordat daar met die projek begin word. Leerders moet genoeg tyd gegun word om die projek te voltooi, daarom behoort dit voor die einde van die tweede kwartaal gegee te word sodat dit gedurende die derde kwartaal ingehandig kan word.

#### 4.4.2 Skriftelike take: ontwerp en skep, gevallestudie, werkstuk en toets

Die volgende lys voorsien die vorme van assessering wat sal dien as **skriftelike taak** in graad 7, 8 en 9. Onderwysers moet seker maak dat leerders aan verskeie van hierdie vorme van assessering blootgestel word oor die drie grade sodat leerders nie dieselfde vorm van assessering oor die grade herhaal nie.

**1) Ontwerp en skep**

Dit behels die ontwerp en skep van die werklike produk deur gebruik te maak van skeppende prosesse om 'n sekere bevoegdheid te bereik. Die skep van 'n voorwerp is die eindproduk van 'n ontwerp. Daar word van die leerders verwag om te ontwerp, te skep en beskrywende paragraaf/paragrawe oor die taak te skryf. Leerders moet begrip toon van die kennis wat verwerf is, asook die toepassing van die kennis en vaardighede. Die fokus sal bepaal word deur die inhoud wat in die jaarlikse onderrigplan gedek word. Die onderwyser voorsien die leerders van hulpbronne en inligting wat benodig word om die taak te voltooi. Alle assesseringskriteria wat op die taak van toepassing is moet vooraf met die leerders bespreek word.

Voorbeelde:

- Maak 'n plakskildery (*collage*) of 'n plakkaat wat jou eie persoonlike dieet beskryf met verwysing na jou eetgewoontes en voedingswaarde. Skryf een tot twee paragrawe wat jou eetgewoontes beskryf en hoe om slegte gewoontes te verbeter of goeie gewoontes vol te hou.
- Ontwerp 'n plakkaat deur prente, foto's en tekeninge te gebruik wat jou doelwitte weerspieël in verhouding tot jou persoonlike lewenstyl en toekomstige loopbaan. Skryf kort aantekeninge en heg 'n plan aan wat sal beskryf hoe jy jou doelwitte sal bereik.

**2) Werkstuk**

Die werkstuk laat 'n meer holistiese assessering van kennis, vaardighede en waardes toe en die toepassing daarvan in verskillende kontekste. Die werkstuk is nie so oop soos 'n projek nie en daar word nie van die leerders verwag om data en inligting te versamel, te analiseer en/of te evalueer met die doel om dit te sintetiseer nie. Die werksopdrag is 'n oefening met duidelike riglyne en 'n spesifieke lengte waarin probleme opgelos word en/of besluitneming en die toepassing van kennis gedoen word. Die fokus sal bepaal word deur die inhoud wat gedek is volgens die jaarlikse onderrigplan. Die onderwyser voorsien die hulpbronne en inligting aan die leerders wat hulle gaan benodig om die taak te voltooi. Alle toepaslike kriteria moet met die leerders bespreek word voordat die taak begin word.

**3) Gevallestudie**

'n Gevallestudie behels 'n gedetailleerde beskrywing van 'n spesifieke situasie of verskynsel. Dit kan 'n werklike of hipotetiese beskrywing wees en dit kan uit 'n boek, koerant, tydskrif, video of die radio geneem wees. Die gevallestudie sal die onderwyser in staat stel om te bepaal of die leerders die kennis, vaardighede en waardes in 'n onbekende konteks kan toepas. Die fokus sal bepaal word deur die inhoud wat in die jaarlikse onderrigplan gedek moet word. Die onderwyser voorsien die leerders van hulpbronne en inligting wat benodig word om die taak te voltooi. Alle toepaslike kriteria moet met die leerders bespreek word voordat hulle met die taak begin.

**4) Toets**

Toetse bestaan gewoonlik uit 'n reeks vrae. Daar word van die leerders verwag om in 'n bepaalde tyd op die vrae te reageer. Vrae is nuttig om kennis weer te gee en begrip te toets. Indien die vrae korrek gefraseer is, kan dit

ook die toepassing van kennis toets. Omdat toetse maklik is om te merk, is dit 'n goeie manier om 'n summatiewe assessering uit te voer en dit is dus ook 'n nuttige formatiewe instrument.

#### 4.4.3 Eksamens

Eksamens van ten minste 60 minute elk sal twee keer per jaar as deel van die interne eksamenrooster van die skool/distrik/provinsie uitmaak. Die eksamen sal die inhoud, kennis en vaardighede wat tot die tyd van die eksamen gedek is, omvattend aanspreek. Meer as een tipe vraagstelling behoort ingesluit te word en fokus veral op die *toepassing van kennis* op 'n geïntegreerde manier. Die halfjaareksamen sal kwartaal 1 en 2 se inhoud dek, terwyl die jaareindeksamen die hele jaar se werk sal dek.

**Uitleg van eksamen**

Die onderstaande uitleg sal gevolg word wanneer eksamenvraestelle vir Lewensoriëntering Graad 7-9 opgestel word.

Die vraestel sal uit **drie** afdelings bestaan. Die totale punte vir die eksamen: **70 Punte**

| Afdeling A: 25 punte | Afdeling B: 25 punte | Afdeling C: 20 punte |
|---|---|---|
| Alle vrae is verpligtend.<br>• 'n Bron of gevallestudie mag gebruik word om sommige van die vrae in konteks te plaas.<br>• Die vrae moet 'n kombinasie van drie of meer tipes vrae wees wat wissel van lys, wat, wie, meervoudige vrae, pas die kolomme, voltooi die ontbrekende woorde en waar of vals.<br>• Die vrae sal begrip en feitelike kennis toets.<br>• Antwoorde behoort kort en bondig te wees en kan wissel van 'n antwoord met een woord tot 'n frase of volsinne. | Alle vrae is verpligtend.<br>• Kort oop-einde-, scenariogebaseerde-, brongebaseerde- en gevallestudievrae.<br>• Vrae behoort kennisgebaseerd te wees uit inligting wat die leerders vanuit die Lewensoriënteringinhoud verkry het.<br>• Leerders moet hul kennis en vaardighede ten toon stel, aanbied en toepas deur begrip te toon vir werklike lewenskwessies wat die jeug en samelewing as geheel beïnvloed en advies of moontlike oplossings kan voorstel, asook doelwitstelling- en besluitnemingsvaardighede demonstreer.<br>• Leerders behoort direkte antwoorde, volsinne in puntvorm en uitgebreide antwoorde in kort paragrawe te kan verskaf. | Drie vrae van 10 punte elk word opgestel waarvan die leerders **TWEE** vrae moet beantwoord.<br>• Vrae fokus hoofsaaklik op die toepassing van kennis en vaardighede.<br>• Leerders moet probleme kan oplos, besluite kan neem en advies kan gee. Hulle gee 'n paar direkte antwoorde en uitgebreide skriftelike werk wissel van beskrywende paragrawe tot kort opstelle wat 'n kwessie verklaar of ondersoek.<br>• Elke vraag fokus op spesifieke inligting of die integrasie van die inhoud.<br>• 'n Kort teks/diagram/data/grafiek/strokiesprent kan voorsien word as stimulus. |
| Nota. Die inligting wat voorsien word behoort hedendaags, ouderdomsgepas en leerdervriendelik te wees. | | |

**NB.** 'n Memorandum of gepaste riglyn vir elkeen van die bogenoemde take moet gebruik word tydens die nasien van die leerder se prestasie in 'n gegewe eksamen/projek/gevallestudie/werkstuk/ontwerp en skep. Die aard van die taak en die kennis, vaardighede en waardes wat geassesseer moet word, sal as riglyn dien vir die tipe assesseringsinstrument. Voorsiening moet gemaak word in die memorandum/riglyn vir addisionele antwoorde, asook die leerder se eie interpretasie van die vrae. Voorbeelde van gepaste assesseringsinstrumente om die leerder se prestasie in Lewensoriëntering te bepaal is: memorandum/riglyn, kriteria kontrolelys, rubriek of matriks.

### 4.4.4 Liggaamsopvoeding

Liggaamsopvoeding (LO) se doel is om die leerders se fisiese welsyn en die kennis van beweging en veiligheid te ontwikkel. Dit moedig leerders aan om aan 'n wye verskeidenheid aktiwiteite deel te neem wat met die ontwikkeling van 'n aktiewe en gesonde leefwyse vereenselwig word. LO het dit ook ten doel om leerders se selfvertroue en algemene vaardighede, veral dié wat met samewerking, kommunikasie, kreatiwiteit, kritiese denke en estetiese waardering gepaardgaan, te ontwikkel. Dit, saam met die kweek van positiewe waardes en houdings in Liggaamsopvoeding, voorsien 'n goeie grondslag vir leerders se lewenslange en -omvangryke leer.

Alle Liggaamsopvoedingperiodes sal op praktiese, fisiese-, en massadeelname aan bewegingsaktiwiteite vir genot en verrykingsdoeleindes fokus. Die doel is om leerders aan te moedig om hulself te verbind tot - en betrokke te raak by - gereelde fisiese aktiwiteit as deel van hul leefwyse.

Die LOT word gedurende al vier die skoolkwartale in Graad 7-9 gedoen. Daar word van leerders verwag om een keer per week aan die Liggaamsopvoedingperiode deel te neem wat 'n vaste periode op die rooster is. Dit staan ook bekend as **Liggaamsopvoeding**. Leerderdeelname en uitvoering van bewegings in die LOT sal dus geassesseer word en aan die einde van elke kwartaal sal daaroor verslag gedoen word. Die vakadviseur sal die LOT modereer tydens aangekondigde skoolbesoeke, deur die leerders waar te neem terwyl hulle besig is met die uitvoering van die werklike assesseringstaak.

Die fokus van die assessering van die LOT word in twee breë kategorieë verdeel:

1) Deelname: Leerders word blootgestel aan die besef van die waarde van gereelde deelname aan fisiese aktiwiteit. Deelname behoort verdere ontwikkeling, genot en die bou van selfvertroue aan te moedig.

2) Uitvoering van bewegings: Leerders word geassesseer op die vlak waarop hulle in staat is om te presteer. Uitvoering van bewegings behoort nie 'n gevoel van kompetisie aan te moedig nie.

Die onderwyser sal waarneem of die uitvoering van die beweging die gewenste uitkoms het wat op die algehele uitvoering van die beweging fokus eerder as op die gedetailleerde meganismes van elke beweging. Sodra die onderwyser egter vertroue opgebou het en weet hoe om die motoriese vaardigheid af te breek en die bewegingsvolgorde in verskillende dele op te breek, kan addisionele kriteria bygevoeg word om die uitvoering in groter diepte te assesseer.

**Assesseringsinstrument vir Liggaamsopvoedingtaak**

Die assesseringsinstrument om leerders se bevoegdheid in die twee kriteria van die taak te bepaal:

| Vlak | Beperk | Toereikend | Bekwaam | Uitstekend |
|---|---|---|---|---|
| **Kriterium 1:**<br>**Gereeldheid van deelname gedurende Liggaams-opvoedingperiodes (20 punte)** | 0% = 0 punte (geen deelname)<br>1-5% = 1 punt<br>6-10% = 2 punte<br>11-15% = 3 punte<br>16-20% = 4 punte | 21-25% = 5 punte<br>26-30% = 6 punte<br>31-35% = 7 punte<br>36-40% = 8 punte<br>41-45% = 9 punte<br>46-50% = 10 punte | 51-55% = 11 punte<br>56-60% = 12 punte<br>61-65% = 13 punte<br>66-70% = 14 punte<br>71-75% = 15 punte | 76-80% = 16 punte<br>81-85% = 17 punte<br>86-90% = 18 punte<br>91-95% = 19 punte<br>96-100% = 20 punte |
| **Kriterium 2:**<br>**Uitkoms van uitvoering van bewegings (10 punte)** | Benodig aansienlike aandag: bewegings lei glad nie tot die gewenste uitkoms nie (0-1 punt) | Benodig aandag en afronding: veral in bewegings wat nie altyd tot die gewenste uitkoms lei nie (2-3 punte) | Doeltreffend, effektief en gepas: bewegings lei meestal tot die gewenste uitkoms (4 punte) | Uitsonderlike vaardigheidsvlakke: bewegings lei altyd tot die gewenste uitkoms (5 punte) |

'n Klaslys sal gebruik word om 'n punt uit 20 te bepaal vir deelname en 'n punt uit 10 vir uitvoering van bewegings aan die einde van elke kwartaal, dit wil sê, vier lyste vir graad 7, 8 en 9. Die aantal LO-periodes per kwartaal sal deur die Departement van Basiese Onderwys se skoolkalender vir die jaar bepaal word.

Voorbeeld van die klaslys vir deelname en uitvoering van beweging:

| | **Kwartaal 1** | **1. Gereeldheid van deelname (20 punte) LO periodes per kwartaal (P1= periode 1)** | | | | | | | | **2. Uitvoering van beweging (10 punte)** | | | **Totaal vir die kwartaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Leerders se name | P1 | P2 | P3 | P4 | P5 | P6 | % | Punte 20 | 1ste Waarneming | 2de Waarneming | Totale punte 10 | 30 |
| 1. | | | | | | | | | | | | | |
| 2. | | | | | | | | | | | | | |
| 3. | | | | | | | | | | | | | |
| 4. | | | | | | | | | | | | | |
| 5. | | | | | | | | | | | | | |

**Neem kennis:**

**Kriterium 1: Gereeldheid van deelname**

Daar word 'n punt uit 20 aan die einde van elke kwartaal aan elke leerder toegeken op grond van die gereeldheid waarmee hy/sy aan die Liggaamsopvoedingperiodes deelgeneem het. Indien die leerder afwesig was vir daardie spesifieke periode, word dit op die klaslys met 'n 'a' aangedui en 'n 'x' dui aan dat die leerder aanwesig was maar nie deelgeneem het nie. 'n Leerder wat altyd deelneem wanneer hy/sy teenwoordig is, behoort nie gepenaliseer te word wanneer hy/sy afwesig is nie, maar 'n leerder wat slegs nou en dan deelneem behoort wel gepenaliseer te word tydens afwesigheid.

**Verdeel** die aantal kere waarin 'n leerder aan die LO-periodes deelgeneem het per kwartaal en **vermenigvuldig** dit met 100 om die persentasie vas te stel. Daarna word dit verwerk na 'n punt uit 20 volgens die bogenoemde assesseringsinstrument.

**Kriterium 2: Uitvoering van beweging**

Hoewel daar 'n rekord gehou word van leerderdeelname per week, sal leerders nie tydens elke Liggaamsopvoedingperiode geassesseer word in die uitvoering van beweging nie, maar dit sal twee keer tydens die skoolkwartaal formeel geassesseer word om die vlak van hul uitvoering van bewegings te bepaal. Ken 'n punt uit vyf (5) toe vir elk van die twee waarnemings, tel die twee bymekaar om 'n finale punt uit tien (10) te kry volgens die bogenoemde assesseringsinstrument.

**Totale vir die kwartaal**

Die punte wat per kwartaal toegeken word vir onderskeidelik gereelde deelname en uitvoering van bewegings, word bymekaargetel om 'n punt uit 30 per leerder te kry. Hierdie punt uit 30 is die LOT-punt wat formeel per kwartaal op 'n rekorderingstaat aangeteken moet word.

## 4.5 REKORDHOUDING EN RAPPORTERING

Rekordhouding is 'n proses waartydens die onderwyser die vlak van 'n leerder se prestasie in 'n spesifieke assesseringstaak dokumenteer. Dit dui aan hoe 'n leerder vorder in die berekening van die kennis soos voorgeskryf in die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings. Rekords van leerderprestasie behoort bewys te lewer van die leerder se konseptuele groei in 'n graad en sy/haar gereedheid om na die volgende graad te vorder of te bevorder te word. Rekords van leerderprestasies behoort ook gebruik te word om te verifieer watter vordering onderwysers en leerders in die leerproses en in die onderrig onderskeidelik maak.

Rapportering is 'n proses waarvolgens leerderprestasie aan leerders, ouers, skole en ander rolspelers gekommunikeer word. Daar kan op verskeie maniere oor leerderprestasie verslag gelewer word. Dit sluit in rapporte (verslagkaarte), ouervergaderings, skoolbesoekdae, ouer-onderwyser-konferensies, telefoonoproepe, briewe, klas- of skoolnuusbriewe, ens. Onderwysers sal werklike punte teenoor die taak aandui deur 'n rekordblad/verslagblad te gebruik en die persentasie vir die vak op die leerder se rapport/verslagkaart aantoon.

Wanneer leerderprestasie in Lewensoriëntering aangeteken word en daaroor verslag gelewer word, is die volgende punte per kwartaal van toepassing:

| Kwartaal | Graad 7 | Graad 8 | Graad 9 | Punte per kwartaal | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Rekordering | Rapportering |
| 1 | Skriftelike Taak | Skriftelike Taak | Skriftelike Taak | **70** | **100** |
| | LOT | LOT | LOT | **30** | |
| 2 | Halfjaareksamen | Halfjaareksamen | Halfjaareksamen | **70** | **100** |
| | LOT | LOT | LOT | **30** | |
| 3 | Projek | Projek | Projek | **70** | **100** |
| | LOT | LOT | LOT | **30** | |
| 4 | Jaareindeksamen | Jaareindeksamen | Jaareindeksamen | **70** | **100** |
| | LOT | LOT | LOT | **30** | |
| | **Totaal** | | | **400** | **400** |

Die verskillende prestasievlakke en die ooreenstemmende persentasies verskyn in die volgende tabel:

**KODES EN PERSENTASIES VIR REKORDHOUDING EN RAPPORTERING**

| PRESTASIEKODES | BESKRYWING VAN DIE VAARDIGHEID | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| 7 | Uitmuntende prestasie | 80 - 100 |
| 6 | Verdienstelike prestasie | 70 - 79 |
| 5 | Beduidende prestasie | 60 - 69 |
| 4 | Voldoende prestasie | 50 - 59 |
| 3 | Matige prestasie | 40 - 49 |
| 2 | Basiese prestasie | 30 - 39 |
| 1 | Ontoereikende prestasie | 0 - 29 |

## 4.6 MODERERING VAN ASSESSERING

Moderering verwys na die proses wat verseker dat die assesseringstake regverdig, geldig en betroubaar is. Moderering behoort op skool-, distriks-, provinsiale en nasionale vlakke plaas te vind. Deeglike en gepaste modereringspraktyke moet ingestel word vir die gehalteversekering van alle vakassesserings.

Alle formele assesseringstake vir Lewensoriëntering behoort intern gemodereer te word deur die departementshoof of die vakhoof van die skool. Die vakadviseur moet steekproewe van hierdie take modereer tydens sy/haar skoolbesoek om die standaard van die interne moderering te verifieer. Graad 9 take moet op provinsiale vlak gemodereer word. Hierdie proses sal deur die provinsiale onderwysdepartement bestuur word.

## 4.7 ALGEMEEN

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende gelees word:

**4.7.1** Die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes vir die Nasionale Kurrikulumbeleid Graad R-12; en*

**4.7.2** Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*